  - (iv) die reg tot appèl het teen enige bevinding van wangedrag wat by 'n dissiplinêre verhoor gemaak is of teen 'n sanksie wat by so 'n verhoor opgelê is;
- (e) 'n werknemer wat onpartydig is en nie op enige wyse aan die beweerde wangedrag gekoppel is nie, kan die *werkgewer* by die dissiplinêre verhoor verteenwoordig, daarby voorsit of die beweerde wangedrag teen 'n werknemer ondersoek;
- (f) sover moontlik moet die dissiplinêre verrigtinge by die werksplek plaasvind en vir alle werknemers verstaanbaar wees;
- (g) die dissiplinêre verrigtinge sal ingestel en gefinaliseer word ongeag die feit dat die wangedrag ook 'n kriminele oortreding is;
- (h) dissiplinêre verrigtinge behoort nie hofverrigtinge na te boots nie;
- (i) die werknemer wat aangestel is om die beweerde wangedrag te ondersoek, moet 'n hoër rang hê as die werknemer wat ondersoek word;



- (j) in alle dissiplinêre verrigtinge het die werknemer die reg om deur 'n *vakbondverteenwoordiger* of 'n *medewerknemer* verteenwoordig te word; en
- (k) in die geval waar 'n werknemer 'n bewering van minder ernstige wangedrag ontken, moet 'n formele dissiplinêre verhoor ingestel word.

## 5. Aard van wangedrag

- (1) Die gedrag van 'n werknemer wat dissiplinêre stappe regverdig, is in regulasie 20 gelys.
- (2) By die toepassing van regulasie 20, moet die *werkgewer* die ernstigheid van die beweerde wangedrag bepaal na oorweging van —
  - (a) die werklike of potensiële uitwerking van die beweerde wangedrag op die werk van die Diens, die komponent van die werknemer, sy of haar kollegas en die publiek;
  - (b) die aard van die werk en verantwoordelikhede van die werknemer; en
  - (c) die omstandighede waaronder die beweerde wangedrag plaasgevind het.

## 6. Dissiplinêre offisiere

- (1) Die Nasionale en Provinsiale Kommissarisse moet elk skriftelik 'n werknemer as dissiplinêre offisier aanwys.
- (2) Die dissiplinêre offisier wat deur die Nasionale Kommissaris of 'n provinsiale kommissaris aangewys is, kan —
  - (a) by ontvangs van 'n klagte van enige persoon, 'n ondersoek begin betreffende beweerde wangedrag en, ondanks enige ander bepaling van hierdie Regulasies en ongeag die rang van die werknemer, die werknemer in ooreenstemming met hierdie Regulasies van wangedrag aankla; en
  - (b) alle funksies in verband met die uitoefening van sodanige bevoegdheid verrig.
- (3) Die dissiplinêre offisier wat deur die Nasionale Kommissaris aangewys is, is verantwoordelik vir administratiewe aangeleenthede insluitende die ontwikkeling en handhawing van eenvormige standaarde in verband met die werksaamhede van provinsiale dissiplinêre offisiere en *werkgewersverteenwoordigers* en het finale seggenskap ten opsigte van alle geskille wat tussen dissiplinêre offisiere mag ontstaan.

- (4) Die Nasionale en Provinsiale Kommissaris kan, na oorleg met die betrokke dissiplinêre offisier, in die algemeen of in 'n spesifieke geval, 'n werknemer of kategorie werknemers, skriftelik as *werkgewersverteenvoerwoordigers* aanwys, wat as die verteenwoordigers van sodanige dissiplinêre offisier en onderworpe aan sy of haar beheer en voorskrifte, enige werknemer van wangedrag kan aankla en alle werksaamhede in verband met die uitoefening van sodanige bevoegdheid, kan verrig.
- (5) Die Nasionale of 'n provinsiale kommissaris kan, in uitsonderlike omstandighede, na oorlegpleging met die betrokke dissiplinêre offisier skriftelik 'n persoon, anders as 'n werknemer, as *werkgewersverteenvoerwoordiger* aanwys om die *werkgewer* in 'n spesifieke geval te verteenwoordig. So 'n persoon kan as die verteenwoordiger van die betrokke dissiplinêre offisier en onderworpe aan sy of haar beheer en voorskrifte, enige werknemer van wangedrag aankla en alle werksaamhede in verband met die uitoefening van sodanige bevoegdheid verrig.
- (6) 'n *Werkgewersverteenvoerwoordiger* moet sy of haar bevoegdhede uitoefen en sy of haar werksaamhede verrig onderhewig aan die beheer, opdragte en instruksies van die Nasionale Kommissaris en relevante Provinsiale Kommissaris.
- (7) Die Nasionale of relevante Provinsiale Kommissaris kan enige beslissing van 'n *werkgewersverteenvoerwoordiger* onder sy of haar jurisdiksie verander en, in die algemeen of ten opsigte van 'n spesifieke geval, enige deel van sodanige bevoegdheid uitoefen of enige sodanige werksaamheid verrig: Met dien verstande dat die Nasionale Kommissaris opdragte en instruksies aan Provinsiale Kommissaris kan uitreik en enige beslissing van 'n Provinsiale Kommissaris of 'n *werkgewersverteenvoerwoordiger*, wat ooreenkomstig hierdie Regulasies geneem is, kan verander, hetsy op sy of haar eie inisiatief of by ontvangs van versoë deur enige persoon.

## 7. Minder ernstige wangedrag

In die geval van minder ernstige wangedrag, kan die toesighouer enige een van die prosedures wat in regulasies 8 - 11 uiteengesit is en wat hy of sy gepas ag, toepas.

## 8. Korrektiewe berading

In gevalle waar die aard van die wangedrag berading regverdig, moet die toesighouer van die werknemer —

- (a) 'n onderhoud met die werknemer voer en die wangedrag onder die werknemer se aandag bring;

- (b) die redes vir die wangedrag vasstel en die werknemer 'n geleentheid bied om op die bewerings te antwoord;
- (c) poog om ooreen te kom oor hoe om die gedrag reg te stel; en
- (d) stappe doen om die ooreengekome plan van aksie te implementeer.

#### 9. Mondelingse waarskuwing

- (1) In gevalle waar die aard van die wangedrag 'n mondelingse waarskuwing regverdig, kan die toesighouer van die werknemer —
  - (a) die wangedrag onder die aandag van die werknemer bring en die werknemer inlig dat hy of sy van mening is dat die wangedrag 'n mondelingse waarskuwing regverdig;
  - (b) die werknemer die geleentheid bied om op die bewerings te antwoord;
  - (c) indien die werknemer erken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, die werknemer 'n mondelingse waarskuwing gee en die werknemer inlig dat verdere wangedrag tot gevolg kan hê dat ernstiger dissiplinêre stappe gedoen word;

OF

indien die werknemer ontken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, 'n dissiplinêre verhoor soos in regulasie 12 uiteengesit, inisieer.

- (2) Die mondelingse waarskuwing mag nie op skrif gestel word nie.

#### 10. Skriftelike waarskuwing

- (1) In gevalle waar die aard van die wangedrag 'n skriftelike waarskuwing regverdig, kan die toesighouer —
  - (a) die wangedrag onder die aandag van die werknemer bring en die werknemer inlig dat hy of sy van mening is dat die wangedrag 'n skriftelike waarskuwing regverdig;
  - (b) die werknemer die geleentheid bied om op die bewerings te antwoord;
  - (c) indien die werknemer erken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, die werknemer 'n skriftelike waarskuwing gee in die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal en die werknemer inlig dat

verdere wangedrag tot gevolg kan hê dat ernstiger dissiplinêre stappe gedoen word;

OF

indien die werknemer ontken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, 'n dissiplinêre verhoor soos in regulasie 12 uiteengesit, inisieer.

- (2) Die toesighouer moet 'n afskrif van die skriftelike waarskuwing aan die werknemer oorhandig, wat ontvangs daarvan moet erken. Indien die werknemer weier om ontvangs te erken, moet die toesighouer die waarskuwing aan die werknemer in die teenwoordigheid van 'n ander werknemer oorhandig en beide die toesighouer en die ander werknemer, wat as getuie dien, moet teken om te bevestig dat die skriftelike waarskuwing aan die werknemer oorhandig is.
- (3) Die skriftelike waarskuwing moet in die werknemer se persoonlike lêer geliasseer word.
- (4) 'n Skriftelike waarskuwing bly geldig vir ses (6) maande en by die verstryking daarvan moet die skriftelike waarskuwing van die werknemer se persoonlike lêer verwyder en vernietig word.
- (5) Indien die werknemer soortgelyke of verbandhoudende wangedrag voor die verstryking van die tydperk van ses (6) maande pleeg, mag die skriftelike waarskuwing in ag geneem word.

#### **11. Finale skriftelike waarskuwing**

- (1) In gevalle waar die ernstigheid van die wangedrag 'n finale skriftelike waarskuwing regverdig, kan die toesighouer —
  - (a) die wangedrag onder die aandag van die werknemer bring en die werknemer inlig dat hy of sy van mening is dat die wangedrag 'n finale skriftelike waarskuwing regverdig;
  - (b) die werknemer die geleentheid bied om op die bewerings te antwoord;
  - (c) indien die werknemer erken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, die werknemer 'n finale skriftelike waarskuwing gee in die vorm wat deur die Nasionale Kommissaris bepaal is en die werknemer inlig dat verdere wangedrag tot gevolg kan hê dat ernstiger dissiplinêre stappe gedoen word;

OF

indien die werknemer ontken dat hy of sy die wangedrag gepleeg het, 'n dissiplinêre verhoor soos in regulasie 12 uiteengesit, inisieer.

- (2) Die toesighouer moet 'n afskrif van die finale skriftelike waarskuwing aan die werknemer oorhandig, wat ontvangs daarvan moet erken. Indien die werknemer weier om ontvangs te erken, moet die toesighouer die finale skriftelike waarskuwing aan die werknemer in die teenwoordigheid van 'n ander werknemer oorhandig en beide die toesighouer en die ander werknemer, wat as getuie dien, moet teken om te bevestig dat die waarskuwing aan die werknemer oorhandig is.
- (3) Die finale skriftelike waarskuwing moet in die werknemer se persoonlike lêer geliasseer word.
- (4) 'n Finale skriftelike waarskuwing bly geldig vir ses (6) maande en by die verstryking daarvan moet die finale skriftelike waarskuwing van die werknemer se persoonlike lêer verwyder en vernietig word.
- (5) Indien die werknemer soortgelyke of verbandhoudende wangedrag voor die verstryking van die tydperk van ses (6) maande pleeg, mag die finale skriftelike waarskuwing in ag geneem word.

## 12. Ernstige wangedrag

- (1) .Oonderworpe aan regulasie 6(2), moet 'n toesighouer, wat tevrede is dat die beweerde wangedrag van 'n ernstige aard is en die hou van 'n dissiplinêre verhoor regverdig, verseker dat die ondersoek na die beweerde wangedrag so gou as wat redelikerwys moontlik is, voltooi word en die dokumentasie na die *werkgewersverteenvoordiger* verwys om 'n dissiplinêre verhoor te inisieer.
- (2) Indien die *werkgewersverteenvoordiger* tevrede is dat die werknemer wangedrag gepleeg het, moet hy of sy die werknemer so gou as redelikerwys moontlik van wangedrag aankla deur 'n skriftelike kennisgewing om die dissiplinêre verhoor by te woon, in die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal, op hom of haar te beteken.
- (3) Die skriftelike kennisgewing van die dissiplinêre verhoor moet voorsiening maak vir —
  - (a) 'n beskrywing van die bewerings van wangedrag en die hoof getuienis (insluitende verklarings indien beskikbaar) waarop die *werkgewer* sal steun;
  - (b) besonderhede van die datum, tyd, en plek van die verhoor; en

- (c) inligting wat die regte van die werknemer tot verteenwoordiging deur 'n *medewerknemer* of *vakbondverteenwoordiger* of *vakbondbeampte* en die reg om getuies na die verhoor te bring, uiteensit; en
  - (d) die plek waar, die tydperk waarbinne, die omstandighede waaronder en die voorwaardes waarop 'n werknemer die geleentheid gebied sal word om enige fisiese of dokumentêre getuienis of enige verslag, wat gedurende die verhoor as getuienis ingehandig sal word, na te gaan en een gratis afskrif van enige verklaring of verslag betreffende die aangeleentheid waarop die verhoor betrekking het, of enige dokument wat gedurende die verhoor as getuienis ingehandig sal word, kan verkry.
- (4)
- (a) Die kennisgewing om by die verhoor te verskyn moet ten minste tien (10) *kalenderdae* voor die datum van die verhoor op die werknemer beteken word.
  - (b) Die kennisgewing moet beteken word deur oorhandiging van 'n kopie daarvan aan die werknemer waarna daarin verwys word of, indien hy of sy nie gevind kan word nie, deur oorhandiging daarvan by sy of haar woonplek of werksplek aan 'n persoon wat blykbaar oor die ouderdom van 16 jaar is en blykbaar daar woonagtig of werksaam is.
  - (c) 'n Relas van betekening van 'n kennisgewing deur die werknemer wat die kennisgewing beteken het, tot dien effekte dat dit geskied het soos vermeld in paragraaf (b), kan by die verhoor ingedien word en sal by blote voorlegging daarvan ter bewys van betekening daarvan dien.
  - (d) 'n Werknemer is verplig om enige kennisgewing wat aan hom of haar beteken word, in ontvangs te neem.
- (5) Die werknemer moet ontvangs van die kennisgewing erken indien dit aan hom of haar persoonlik oorhandig is. Indien die werknemer weier om ontvangs te erken, moet die kennisgewing in die teenwoordigheid van 'n ander werknemer aan die werknemer oorhandig word en beide die werknemer wat die kennisgewing oorhandig en die ander werknemer moet ter bevestiging teken dat die kennisgewing op die werknemer beteken is.

### 13. Skorsing as voorsorgmaatreël

- (1) Die *werkgewer* kan 'n werknemer met volle vergoeding skors of tydelik verplaas op die voorwaardes, indien enige, wat die Nasionale Kommissaris bepaal.

- (2) Die Nasionale of die Provinsiale of die Afdelingskommissaris (die Kommissaris) kan 'n werknemer sonder vergoeding skors, indien die Kommissaris op redelike gronde tevrede is dat die wangedrag wat die werknemer na bewering gepleeg het, wangedrag is soos beskryf in Aanhangsel A en dat die saak teen die werknemer so sterk is dat dit waarskynlik is dat die werknemer aan 'n misdryf skuldig bevind en ontslaan sal word: Met dien verstande dat —
- (a) voordat 'n werknemer sonder vergoeding geskors word, die werknemer 'n redelike geleentheid gebied word om skriftelik verhoë te rig;
  - (b) die Kommissaris die verhoë oorweeg en die werknemer van die uitslag van die verhoë in kennis stel;
  - (c) die dissiplinêre proses binne veertien (14) *kalenderdae* vanaf die datum van die besluit om die werknemer sonder vergoeding te skors, geïnisieer word; en
  - (d) indien die dissiplinêre proses nie binne sestig (60) *kalenderdae* vanaf die aanvang van die skorsing voltooi is nie, die vraag na die voortgesette skorsing sonder vergoeding deur die Kommissaris oorweeg moet word en dat die werknemer weer eens skriftelike verhoë mag rig wat die Kommissaris moet oorweeg en die Kommissaris moet 'n besluit oor voortgesette skorsing binne sewe (7) *kalenderdae* na ontvangs van die skriftelike verhoë oor die neem en die werknemer van die uitslag van die verhoë in kennis stel. 'n Besluit dat die skorsing voortduur, kan slegs wees dat dit vir 'n verdere tydperk van dertig (30) *kalenderdae* voortduur.
- (3) Skorsing is 'n voorsorgmaatreël.
- (4) Indien 'n werknemer met volle vergoeding geskors of verplaas is as 'n voorsorgmaatreël, moet die *werkgewer* 'n dissiplinêre verhoor binne sestig (60) *kalenderdae* vanaf die aanvang van die skorsing of verplasing hou. By verstryking van die sestig (60) dae moet die voorsitter van die verhoor 'n besluit neem of die skorsing of tydelike verplasing moet voortduur of beëindig word.

#### 14. Voer van die dissiplinêre verhoor

- (1) Die *werkgewer* moet 'n voorsitter vir die verhoor aanstel. Sodanige persoon moet 'n werknemer wees: Met dien verstande dat die Nasionale of 'n provinsiale kommissaris in uitsonderlike omstandighede 'n persoon anders as 'n werknemer as voorsitter van die verhoor kan aanstel.
- (2) Indien 'n werknemer as voorsitter aangestel word, moet die werknemer 'n hoër rang beklee as die werknemer wat van wangedrag aangekla word.

- (3) Die *werkgewer* of die werknemer kan, met die goedkeuring van die ander party, die Veiligheid en Sekuriteit Sektorale Onderhandelingsforum versoek om 'n arbiter aan te stel om by die dissiplinêre verhoor voor te sit. Die besluit van die arbiter sal finaal en bindend wees en slegs vatbaar wees vir hersiening kragtens die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995). Al die bepalings wat van toepassing is op dissiplinêre verhore kragtens hierdie Regulasies sal van toepassing wees vir doeleindes van sodanige verhore. Die party wat hierdie prosedure versoek, sal vir die betaling van die arbitrasiekoste verantwoordelik wees.
- (4) 'n Werknemer kan by die verhoor deur 'n *medewerknemer* of 'n persoon in diens van 'n *erkende vakbond* verteenwoordig word.
- (5) In 'n dissiplinêre verhoor kan nóg die *werkgewer* nóg die werknemer deur 'n *regspraktisyn* verteenwoordig word, tensy —
  - (a) die *regspraktisyn* in diens van 'n *erkende vakbond* is; of
  - (b) die voorsitter, na aanhoor van die *werkgewersverteenvoordiger* en die werknemer of *medewerknemer* of persoon aangestel deur 'n *erkende vakbond*, van mening is dat die aangeleentheid wat aangehoor word, van 'n ernstige aard is,in welke geval beide die werknemer en die *werkgewer* deur 'n *regspraktisyn* verteenwoordig kan word.
- (6) Indien nodig, moet die *werkgewersverteenvoordiger* reël dat 'n tolk die verhoor bywoon en die tolk moet behoorlik deur die voorsitter ingesweer word.
- (7) Die voorsitter moet verseker dat rekord van die verrigtinge by die dissiplinêre verhoor gehou word.
- (8) Die *werkgewersverteenvoordiger* sal getuienis lei oor die gedrag wat aanleiding tot die verhoor gegee het. Die werknemer of die verteenwoordiger van die werknemer mag enige getuie deur die *werkgewersverteenvoordiger* geroep, ondervra.
- (9) Die werknemer sal die geleentheid gebied word om getuienis te lei. Die *werkgewersverteenvoordiger* kan enige getuie wat geroep word, ondervra.
- (10) Die voorsitter kan enige vraag ter opheldering vra.
- (11) Die voorsitter kan uit eie beweging of op versoek van enige party enige persoon dagvaar om by 'n dissiplinêre verhoor te getuig.



- (12) Indien die voorsitter bevind dat die werknemer wangedrag gepleeg het, moet die voorsitter die werknemer van die bevinding en van die redes daarvoor inlig.
- (13) Voordat op 'n sanksie besluit word, moet die voorsitter die werknemer 'n geleentheid bied om relevante omstandighede ter versagting voor te lê. Die *werkgewersverteenvoordiger* kan ook verswarende omstandighede aanbied.
- (14) Indien die voorsitter bevind dat die werknemer wangedrag gepleeg het, moet die voorsitter die sanksie op die dag van die verhoor of binne vyf (5) *werksdae* daarna bekend maak. Die ernstigheid van die wangedrag, vorige rekord van die werknemer en enige versagtende of verswarende omstandighede moet in ag geneem word.
- (15) 'n Dissiplinêre verhoor moet, sover prakties moontlik, binne sestig (60) *kalenderdae* gefinaliseer word.

## 15. Sanksies

- (1) Enige van die volgende sanksies kan opgelê word —
  - (a) berading;
  - (b) 'n skriftelike waarskuwing wat vir ses (6) maande geldig is;
  - (c) 'n finale skriftelike waarskuwing wat vir ses (6) maande geldig is;
  - (d) skorsing sonder vergoeding vir nie langer nie as drie (3) maande, onderworpe aan die instemming van die werknemer;
  - (e) ontslag;
  - (f) opgeskorte ontslag vir 'n tydperk wat nie ses (6) maande oorskry nie;
  - (g) enige van die voormelde sanksies, maar opgeskort vir 'n tydperk wat nie ses (6) maande oorskry nie;
  - (h) 'n boete van tot R 500,00 wat in paaiemente afgetrek word; of
  - (i) 'n kombinasie van bogemelde.
- (2) Die *werkgewer* mag nie 'n sanksie gedurende die appèl deur 'n werknemer implementeer nie.
- (3) Die voorsitter moet die finale uitslag van die verhoor binne vyf (5) *werksdae* na die voltooiing van die dissiplinêre verhoor aan die

werknemer oordra en die uitslag moet op die werknemer se persoonlike lêer aangeteken word.

#### 16. Prosedure na 'n bevinding van wangedrag

- (1) Indien 'n werknemer bevind word wangedrag te gepleeg het en 'n dissiplinêre sanksie waarna in regulasie 15(1)(e) verwys word, opgelê word, moet die voorsitter binne vyf (5) *werksdae* na sy of haar beslissing die Nasionale Kommissaris van sy of haar beslissing en die redes daarvoor in kennis stel.
- (2) Die Nasionale Kommissaris kan binne vyf (5) *werksdae* na ontvangs van sodanige kennisgewing die sanksie verander deur dit óf te verminder óf ter syde te stel en volledige redes daarvoor verstrekk: Met dien verstande dat die Nasionale Kommissaris slegs sodanige stappe ten opsigte van 'n werknemer onder die bevel van 'n Provinsiale Kommissaris of Afdelingskommissaris, na oorleg met die betrokke Kommissaris mag neem.
- (3) 'n Werknemer, waarna in subregulasie (1) verwys word, moet onmiddellik skriftelik van die Nasionale Kommissaris se besluit in kennis gestel word.
- (4)
  - (a) Indien die sanksie van ontslag aan 'n werknemer opgelê word, sal sodanige ontslag een en twintig (21) *kalenderdae* nadat die beslissing gemaak is, in werking tree: Met dien verstande dat sodanige werknemer geag sal word met onmiddellike effek met volle vergoeding geskors te wees, tensy die werknemer in ooreenstemming met regulasie 12(3) sonder vergoeding geskors is, in welke geval die skorsing sonder vergoeding sal voortduur.
  - (b) Indien 'n werknemer, waarna in paragraaf (a) verwys word, kragtens regulasie 17 teen die bevinding of beslissing appèl aanteken, die werknemer tot na afhandeling van die appèlverrigtinge geag sal word geskors te wees soos in paragraaf (a) bepaal: Met dien verstande dat indien die *appèlowerheid* die ontslag bevestig, die ontslag van sodanige werknemer onmiddellik in werking sal tree.
  - (c) Indien die *appèlowerheid* die sanksie ter syde stel, sal die werknemer geag word nie, soos in paragraawe (a) en (b) bepaal, geskors te gewees het nie.

#### 17. Appèl

- (1) 'n *Appèlowerheid* word hierby ingestel.

- (2) Die *appèlowerheid* bestaan uit 'n persoon of persone deur die Nasionale Kommissaris aangestel om appèlle of 'n spesifieke appèl kragtens hierdie Regulasies te oorweeg.
- (3) 'n Werknemer kan teen 'n bevinding of sanksie appèlleer in die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal.
- (4) Die werknemer moet, binne tien (10) *werksdae* na ontvangs van die finale uitslag van die verhoor, die appèl aan die administratiewe kantoor van die *appèlowerheid* voorlê.
- (5) Die *appèlowerheid* kan die laat indiening van 'n appèl kondoneer indien goeie redes daarvoor aangevoer word.
- (6) Die *appèlowerheid* moet die appèl oorweeg en, indien die *appèlowerheid* besluit dat 'n verhoor vereis word, moet die *appèlowerheid* die appèllant van die datum en plek van die verhoor in kennis stel.
- (7) Die *appèlowerheid* kan –
  - (a) die appèl handhaaf; of
  - (b) die sanksie tot 'n ligter sanksie, wat kragtens regulasie 15(1) toelaatbaar is, verminder; of
  - (c) die uitslag van die dissiplinêre verhoor bekragtig.
- (8) Die *werkgewer* moet die besluit van die *appèlowerheid* onmiddellik implementeer. Waar die *appèlowerheid* besluit om die sanksie te verminder of die uitslag van die dissiplinêre verhoor te bekragtig, word die sanksie vanaf die datum van die besluit deur die *appèlowerheid* deur die *werkgewer* geïmplementeer.
- (9) Die *appèlowerheid* moet 'n appèl binne dertig (30) *werksdae* vanaf die datum van ontvangs van die appèl afhandel, by gebreke waarvan die werknemer, indien hy of sy as voorsorgmaatreël geskors of tydelik verplaas is, onmiddellik diens moet hervat en die uitslag van die appèl afwag.

**18. Verkryging van die teenwoordigheid van 'n werknemer by 'n dissiplinêre verhoor**

- (1) (a) 'n Werknemer op wie 'n kennisgewing ooreenkomstig regulasie 12(4) beteken is, moet die dissiplinêre verhoor op die plek, datum en tyd in sodanige kennisgewing vermeld, bywoon.
- (b) Die werknemer kan te eniger tyd na ontvangs van die kennisgewing, maar nie later nie as twee (2) *werksdae* voor die datum van sodanige verhoor, met die betrokke

*werkgewersverteenvoordiger* skakel met die doel om sodanige verhoor tot 'n ooreengekome datum, tyd en plek te herskeduleer: Met dien verstande dat die finale beslissing oor hierdie aangeleentheid uiteindelik by die *werkgewersverteenvoordiger* berus.

- (c) Indien die verhoor geherskeduleer word, moet die *werkgewersverteenvoordiger* die voorsitter daaromtrent inlig op of voor die datum vermeld in die kennisgewing, en die voorsitter moet die oorspronklike kennisgewing tot dien effekte endosseer.
- (2) Indien die werknemer versuim om –
- (a) op die plek, datum en tyd in die kennisgewing vermeld of sodanige geherskeduleerde plek, datum en tyd te verskyn; of
- (b) by die dissiplinêre verhoor teenwoordig te bly,
- sal sodanige versuim, onderworpe aan subregulasies (3) en (4), wangedrag daarstel.
- (3) (a) By 'n versuim soos in subregulasie (2) bedoel, moet die voorsitter die verhoor vir nie minder as sewe (7) *kalenderdae* uitstel en die kennisgewing van die uitstel, uitgereik deur die voorsitter, moet aan die werknemer beteken word.
- (b) Die kennisgewing, in die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal, moet aan regulasie 12(3) voldoen.
- (4) Op die datum waarna die dissiplinêre verhoor uitgestel is, moet die voorsitter summier ondersoek instel na die werknemer se versuim om by die dissiplinêre verhoor te verskyn of teenwoordig te bly en, in die afwesigheid van goeie gronde, 'n bevinding maak dat die werknemer wangedrag gepleeg het.
- (5) (a) Indien die werknemer versuim om by die dissiplinêre verhoor te verskyn op enige datum waarna die dissiplinêre verhoor uitgestel is, of op 'n datum waarna dit kragtens subregulasie (3) uitgestel is –
- (i) sal die werknemer, vanaf die datum van sodanige versuim om te verskyn of teenwoordig te bly, geag word sonder vergoeding geskors te wees; en
- (ii) die voorsitter moet die dissiplinêre verhoor onbepaald uitstel, en die dissiplinêre verhoor sal slegs hervat op versoek van die betrokke werknemer, na skakeling met die *werkgewersverteenvoordiger* soos in subregulasie (1)(b)

bedoel: Met dien verstande dat indien die werknemer versuim om stappe te doen om die verhoor binne twee (2) maande vanaf sodanige datum te laat hervat, die voorsitter sodanige versuim op die notule van die dissiplinêre verhoor moet aanteken en die werknemer, kragtens regulasie 15(1)(e), onverwyld geag word uit die Diens ontslaan te wees.

- (b) Indien 'n verhoor ooreenkomstig subregulasie (5)(a)(ii) hervat word, moet die voorsitter summier ondersoek instel na die redes vir die werknemer se versuim om by die dissiplinêre verhoor te verskyn of teenwoordig te bly en die skorsing, in subregulasie (5)(a)(i) bedoel, bekragtig of ter syde stel.
- (c) Ondanks die bepalings van paragrawe (a) en (b), kan die voorsitter te eniger tyd, op goeie gronde aangetoon, 'n skorsing in subregulasie (5)(a)(i) bedoel, ter syde stel.
- (d) Ondanks die bepalings van paragrawe (a) en (b), kan die voorsitter, indien goeie gronde aangetoon word, beslis dat die werknemer nie geskors word nie en dat die verhoor tot 'n latere datum uitgestel word.

#### 19. Getuies by dissiplinêre verhore

- (1) (a) Die *werkgewersvertegenwoordiger* of voorsitter, na gelang van die geval, kan, vir die doeleindes van 'n dissiplinêre verhoor, in die vorm deur die Nasionale Kommissaris bepaal, enige persoon dagvaar om as getuie op die datum, tyd en plek in die dagvaarding vermeld, te verskyn, ten einde te getuig, vrae te beantwoord of enige boek, dokument, voorwerp of artikel wat relevant tot die dissiplinêre verhoor is, voor te lê.
- (b) Sodanige dagvaarding kan aan enige persoon deur 'n werknemer ooreenkomstig subregulasie (9) beteken word.
- (2) Die voorsitter moet die eed of bevestiging aan 'n getuie oplê en kan van sodanige getuie vereis om vrae te antwoord of enige relevante boek, dokument, voorwerp of artikel onder sy of haar beheer, voor te lê.
- (3) Die voorsitter moet verseker dat voldoende maatreëls getref word om bywoning van getuies by 'n verhoor te verseker, insluitende enige getuies wie se teenwoordigheid deur die werknemer nodig geag word vir doeleindes van die dissiplinêre verhoor.
- (4) Die reg in verband met privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om te getuig of 'n boek, dokument, voorwerp of artikel aan 'n geregshof voor te lê, sal op enige persoon wat ooreenkomstig hierdie

Regulasies as getuie geroep word met betrekking tot die ondersoek van, of die voorlegging van enige boek, dokument, voorwerp of artikel aan 'n voorsitter van toepassing wees.

- (5) 'n Persoon wat, nadat hy of sy ingesweer of as 'n getuie bevestig is, 'n valse verklaring oor enige aangeleentheid aflê, wetende dat sodanige verklaring vals is, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe wat regtens vir die misdryf van meened opgelê kan word.
- (6) Persoon wat wederregtelik en opsetlik 'n ander persoon verhinder om 'n kennisgewing of dagvaarding ooreenkomstig hierdie Regulasies uitgereik, na te kom, of om te getuig of 'n boek, dokument, voorwerp of artikel voor te lê wat hy of sy ooreenkomstig hierdie Regulasies vereis word af te lê of voor te lê, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses (6) maande oorskry nie.
- (7) 'n Getuie by 'n dissiplinêre verhoor wat –
  - (a) nadat hy of sy behoorlik gedagvaar is, versuim om op die plek, datum en tyd vermeld in die dagvaarding te verskyn of versuim om teenwoordig te bly totdat hy of sy van verdere bywoning deur die voorsitter verskoon is;
  - (b) weier om die eed te neem of 'n bevestiging te maak, soos deur subregulasie (2) vereis;
  - (c) weier of versuim om alle vrae wat regtens aan hom of haar gestel is, te beantwoord; of
  - (d) weier of versuim om 'n boek, dokument, voorwerp of artikel voor te lê wat hy of sy regtens verplig is om voor te lê,

sal, onderhewig aan die reg met betrekking tot verpligbaarheid, bevoegdheid en privilegie van 'n getuie in 'n geregshof, tensy hy of sy goeie gronde vir sodanige versuim of weiering kan aanvoer, skuldig wees aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar wees met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie drie (3) maande oorskry nie.

- (8) Die voorsitter of *appèlowerheid*, na die gelang van die geval, moet op versoek enige boek, dokument, voorwerp of artikel gegee of voorgelê in getuienis binne 'n redelike tyd nadat dissiplinêre verrigtinge afgehandel is, aan die persoon wat sodanige items gegee of voorgelê het, oorhandig: Met dien verstande dat sodanige persoon regtens in besit van sodanige boek, dokument, voorwerp of artikel mag wees.

- (9) (a) Die dagvaarding in subregulasie(1) bedoel, moet beteken word deur oorhandiging van 'n afskrif daarvan aan die persoon daarin verwys of, indien hy of sy nie gevind kan word nie, deur oorhandiging daarvan by sy of haar woonplek of werksplek aan 'n persoon wat blykbaar oor die ouderdom van 16 jaar is en blykbaar daar woonagtig of werksaam is.
- (b) 'n Relas van betekening van 'n kennisgewing deur die werknemer wat die kennisgewing beteken het, tot dien effekte dat dit geskied het soos in paragraaf (a) vermeld, kan by die dissiplinêre verhoor ingehandig word en sal by blote voorlegging ter bewys van betekening daarvan dien.
- (10) (a) 'n Werknemer wat in kennis gestel is om 'n dissiplinêre verhoor by te woon, is geregtig op die voorgeskrewe reis en verblyftoelae.
- (b) Enige persoon, anders as 'n werknemer, wat gedagvaar of in kennis gestel is om 'n dissiplinêre verhoor by te woon, is geregtig op die voordele en toelae van toepassing op 'n getuie in 'n strafverhoor in 'n Landdroshof.

## 20. Wangedrag

'n Werknemer sal skuldig wees aan wangedrag indien hy of sy onder andere –

- (a) versuim om aan 'n Wet, regulasie of ander regsplig te voldoen of dit oortree;
- (b) opsetlik of nalatig die finansies van die Staat wanbestuur;
- (c) sonder toestemming eiendom van die Staat, 'n ander werknemer of 'n besoeker besit of gebruik;
- (d) opsetlik of nalatig eiendom van die Staat beskadig of verloor;
- (e) die lewe van ander in gevaar stel deur veiligheidsreëls of -regulasies te verontagsaam;
- (f) die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van 'n departement, kantoor of instelling van die Staat benadeel;
- (g) sy of haar posisie in die Diens misbruik om die belange van enige politieke party te bevorder of te benadeel;
- (h) sonder die skriftelike goedkeuring van die *werkgewer*, enige vergoeding in kontant of andersins van 'n lid van die publiek of 'n ander werknemer aanneem vir die verrigting van sy of haar werksaamhede;

- (i) versuim om 'n regmatige opdrag of roetine instruksie sonder 'n geldige of redelike rede uit te voer;
- (j) homself of haarself sonder rede of toestemming van diens verskoon;
- (k) 'n handeling verrig wat seksuele teistering daarstel;
- (l) onbillik teen ander op die basis van ras, geslag, ongeskiktheid, seksualiteit of ander gronde deur die Grondwet verbied, diskrimineer;
- (m) sonder die skriftelike goedkeuring van die *werkgewer* enige besoldigde werk in 'n private hoedanigheid vir 'n ander persoon of organisasie of gedurende of buite werksure verrig;
- (n) sonder magtiging aan diens slaap;
- (o) terwyl aan diens onder die invloed is van bedwelmdede, onwettige, ongemagtigde of gewoontevormende middels insluitende alkohol;
- (p) terwyl aan diens, homself of haarself op 'n onbehoorlike, aanstootlike en onaanvaarbare wyse gedra;
- (q) enige voorgeskrewe Gedragskode vir die Diens of die Staatsdiens, welke op hom of haar van toepassing is, oortree;
- (r) ander werknemers tot onregmatige gedrag of gedrag teenstrydig met aanvaarbare prosedure aanhits;
- (s) minagting teenoor ander in die werksplek toon of beledigende of onbeskofte gedrag openbaar;
- (t) ander werknemers intimideer of viktimizeer;
- (u) ander werknemers verhinder om aan enige vakbond te behoort;
- (v) enige geldleenskema vir werknemers gedurende werksure of vanaf 'n perseel van die Diens bedryf;
- (w) 'n valse verklaring of getuienis in die uitvoering van sy of haar pligte aflê;
- (x) rekords of enige ander dokumentasie vervals;
- (y) aan enige onwettige arbeidsoptrede of industriële aksie deelneem; of
- (z) enige gemeenregtelike of stature misdryf pleeg.



## 21. Oorgangsmatreëls

- (1) Enige dissiplinêre verrigtinge wat voor die inwerkingtreding van hierdie Regulasies kragtens die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 1996, die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 2005, Ooreenkoms 3 van 2005 van die Veiligheid en Sekuriteit Sektorale Onderhandelingsforum of Resolusie 2 van 1999 van die Staatsdiens Sentrale Onderhandelingsforum teen 'n werknemer ingestel was, moet mee gehandel en afgehandel word kragtens genoemde Regulasies, Ooreenkoms of Resolusie asof hierdie Regulasies nie in werking getree het nie.
- (2) Enige *werkgewersvertegenwoordiger*, voorsitter of 'n dissipline, vervolgings, verhoor of verdedigingsoffisier of sy of haar gedelegeerde of *appelowerheid* of 'n lid van 'n *appelowerheid* kragtens die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 1996, die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 2005, of Resolusie 2 van 1999 van die Staatsdiens Sentrale Onderhandelingsforum wat voor die inwerkingtreding van die hierdie Regulasies aangestel is, sal voortgaan om as sodanig kragtens sodanige Regulasies, Ooreenkoms of Resolusie op te tree totdat al die werksaamhede daarvolgens afgehandel is asof hierdie Regulasies nie afgekondig is nie.
- (3) Enige dissiplinêre verrigtinge teen 'n werknemer met betrekking tot 'n handeling of versuim wat gepleeg is voor die afkondiging van hierdie Regulasies, kan teen sodanige werknemer kragtens hierdie Regulasies ingestel word: Met dien verstande dat sodanige handeling of versuim wangedrag ingevolge hierdie Regulasies daarstel.
- (4) Die Nasionale Kommissaris kan, vir die doeleindes waarna in subregulasie (1) verwys word, enige handeling verrig wat nodig mag wees vir die finalisering van sodanige dissiplinêre verrigtinge asof hierdie Regulasies nie afgekondig is nie.

## 22. Herroeping en kort titel

- (1) Die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 2005 word herroep.
- (2) Hierdie Regulasies sal bekend staan as die Suid-Afrikaanse Polisie diens Dissipline Regulasies, 2006 en tree in werking op datum van publikasie daarvan.

**AANHANGSEL A****MISDRYWE TEN OPSIGTE WAARVAN SKORSING SONDER VERGOEDING OORWEEG KAN WORD**

Hulpverlening aan 'n ontsnapte

Brandstigting

Roof met verswarende omstandighede

Aanranding met die opset om ernstig te beseer

Omkopery

Korrupsie

Handeldryf in dwelmmiddels

Regsverdeling

Afpersing

Vervalsing en uitgifte

Bedrog

Kaping

Huisbraak en diefstal

Ontvoering

Opsetlike saakbeskadiging van 'n ernstige aard

Moord

Verkragting

Terrorisme

Diefstal van 'n ernstige aard

Hoogverraad

Enige poging, sameswering of aanstigting om enige van voorgenoemde misdade te pleeg.

# Looking for out of print issues of Government and Provincial Gazettes

We can provide photocopies

## **Contact**

The National Library of South Africa,  
Pretoria Campus  
PO Box 397  
0001 PRETORIA

## **Physical address**

C/o Andries and Vermeulen Streets  
Entrance in Andries Street

## **Contact details**

Tel: (012) 321-8931  
Fax: (012) 325-5984  
E-mail: [infodesk@nlsa.ac.za](mailto:infodesk@nlsa.ac.za)



Sabinet Online Ltd has established itself, for more than a decade, as a leader in facilitating electronic access to gazetted information.

Are you looking for information published in Gazettes such as changes to Acts, Regulations of Acts, Notices, Liquidation & distribution accounts on deceased estates?



Search no more.

Sabinet Online's SA Gazettes provides immediate access to full-text databases of Government and Provincial Gazettes, the Government Gazette Index and Parliamentary Bills. Updated daily.

The SA Gazettes is considered in all industry sectors as the most comprehensive collection of searchable gazette data on the Internet. With SA Gazettes you have access to the electronic full-text of the Government Gazette and all Provincial Gazettes.


- The Government Gazette - from January 1994
- All Provincial Gazettes - from September 1995
- Indexes pertaining to the past week's Government and all Provincial Gazettes.
- Parliamentary Bills - from January 1999

**We facilitate access to information**  
**[www.sabinet.co.za](http://www.sabinet.co.za)**


Tel: +27 12 643 9500; Fax: +27 12 663 3543; E-mail: [info@sabinet.co.za](mailto:info@sabinet.co.za)



# SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO



**W  
E  
A  
T  
H  
E  
R  
·  
S  
E  
R  
V  
I  
C  
E  
S  
·  
W  
E  
E  
R  
D  
I  
E  
N  
S  
T  
E**



# THE WEATHER BUREAU HELPS FARMERS TO PLAN THEIR CROP



THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS & TOURISM  
DIE WEERBURU: DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001  
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531